NOMADES voetslaanklub

Mei 2014 Nuusbrief en Roeteterugvoer

Goeiedag aan elkeen.

Roeteterugvoer : Mount Komati : 23-25 Mei 2014

Magda Grobler, Janie Steinmann, Luis Rocha, Corrie van Rensburg, Ester de Castro, Cornea Maree; Hein en Erika Baak; Jannes van Ryssen, Marius Stander, Sally Steyn; Mariette Naude, Leonore van der Merwe, Erika Barnard; Anna-Marie Lotter, Phrina Oosthuizen; Koos Meintjes; Wilna Moolman en Christo Vlok stap saam; 19 Siele in Totaal stap saam. Een persoon moes ongelukkig op kort kennisgewing kanseleer.

Die mooi nuwe roete wat tussen Mei en Oktober 2013 uitgelê is deur Albert Bossert en gebou is deur Pieta Wessels, ook die roete en plaasbestuurder op die familieplaas tussen Machadodorp en Badplaas, is sowat 300km vanaf Pretoria. Dit grens aan die Vyf-Assegaaie/Num-Num roetes. Die' wat al in God's window of Aloe Kaya kampe op die Num-Num of die Stalle by Bemanzi geslaap het, sou die twee kampe ook in die verte vanaf die hoogste punt op 1852m bo seevlak kon sien. Op pad soontoe het ons ook verby Wathaba en 'Pongola express' kamp gery.

Die kamp waarin ons tuisgaan is oorspronklik gebou as n Visvang-kamp, maar met die staproete wat klaar is en stapper wat wil begin stap, moes die twee oorspronklike 2-bed suites omskep word in twee stappers kamertjies met 4 stapelbeddes elk. Ietwat beknop, maar met lekker nuwe dik matrasse.
Dan is daar ook nog een kamer met 2 enkel beddens en beddegoed en Ensuite badkamer, teen n hoër tarief asook 'n hele huisie met n privaat kamer met n dubbelbed en beddegoed, sitkamer, privaat badkamer en volle toegeruste kombuis. Die Stappers het toegang tot 'n goed teogeruste kombuisie en mooi albusie blokkie. Daar is net 2 storte en 2 sitplekkies. Pieta beplan om 'n nuwe stapperskampie te bou wat dan beter toegerus sal wees vir die doel, bietjie meer kamer spasie en meer ablusie geriewe per persoon. Vrydag aand lekker saamgebraai en kuier en sommige het op die uitkykdek gaan sit en sien hoe die son sak oor die Komati rivier.

Stap-dag een het vroeg Saterdag oggend begin om 7:30 toe die hele groepie vertrek. Die 'Rondom-klip roete' is met met Ratelvoetjies gemerk en begin op 1182m bo seevlak. Sowat 15km lank. Dit is 'n **taai** (rateltaai) moeiliker roete wat 600m+ styg en weer daal vanaf die kamp tot bo op die Skurweberg by die Baken en terug. Eers 'n entjie langs die Komatirivier, dan wegbreek en die styltes begin so stadigaan. Groot gedeeltes is grasvlakte met oral sulke kolletjies bome en woudjies met klein stroompies en watervalletjies. Ons sien die 'Ou Prospekteerders-boorpunt', stap deur n woudjie en oor die 'Kabouterkoppie', kruip onder die 'Volstruistoonboom' se dik ou skewe stam deur. Stop 'n oomblik by die ou groot brose boom waarin jy nie mag klim nie, maar wel drukkies en soentjies mag gee. Verby die intresante 'Boom-Sit-Op-'n-Klip-Fontein' waar n boom reg-bo-oor n klip gegroei het. Deur die 'Avataar woud', en anderkant uit by die 'Uitspan-Breakie' weer bietjie asem teruggekry nadat ons al Heelwat gestyg het en van hierdie punt af ook mooi kon uitkyk oor die uitgestrekte vlakte onder ons. Deur die bos met sy ongelooflike mooi alwyne in blom, verby die 'Batchelors Back Scratchback' Stekel boom na die mooiste klofie genaamd 'Wonderwêreld Watervalletjies', Dan terug in die rigting van die woud, maar nou al onder die kranse deur vir die volgende uur of wat.

Hier sien ons 'La Linea' die klip lyk soos die Franse-Lyn-mannetjie, deurgeskuur deur 'Albert se tent' (hy het defnitief nie n dieet nodig nie', dan verby die reeks bordjies van 'Wat ch it', weereens jou omtrek getoets deur, deur die 'Weightless Feelgood' te skuur. Verby 'Ystervarkuitsig'. Dan is ons uit onder die kranse uit, weer n entjie skerp gestyg, en net hier is 'n goeduitloopte wild's paadjie wat baie van ons verwar het, en toe loop ons ook sommer verkeerd. Maar darm reggekom. Hier kan mens darm al die Hoogtebaken sien daaaar bo. By die baken gestop en bietjie ge-eet en die Num-Num roete van bo-af beskou. Deur die 'Rondom-klip' klipwoud en 'Doolhof van verbeelding', verby die 'Ou Veewagterspos' skuiling en en weer af in die ringting van die kranse waar ons die mooiste uitsigte op die Komati valei gehad het by die 'Komati valey View. Dan begin die skerp af Zig-Zag verby n bordjie 'Mooi né'. Wonder of Pieta bedoel die uitsig of die aanhoudende Af-Af-Af wat die voete nou al begin kou... Net as jy wil begin moedeloos raak, sê n volgende bordjie 'Only a coupl'a corners 'till a coupl'a beers!'.

Amper onder kry ons 'Tree Mail!!!', maar die verraasing gaan ek nie uitlap nie, die wat daar was sal weet dit was sooo lekker, en dan al langs die rivier langs terug 'Oop-neusgate-doellyn-toe'. Die spannetjies wat so mettertyd verdeel het was so tussen 14:00 en 16:30 terug by die kamp waar almal eers 'n draai by 'Stinkhout' gaan maak het en skoon uitgekom het.

'n Lang stap, styl geklim, en oral maar klipperigheid, veral onder die kranse deur, en die met hoogtevrees, word ook plek-plek bietjie getoets, maar soos Piete sê, 'n stukkie avontuur is mos goed en jy kom nie stap net om die gewone te ervaar nie. Saterdagaand weer lekker langs die braaivleis-vure gekuier en elkeen het maar so op sy tyd, of soos soos sy lyf hom

voorgesê het, die gerief van n sagte snoesige bedjie gaan opsoek.

Sondag se stappie, die ‘Klein Parradys-roete’, is met padda voetjies gemerk, 'n sagte(soos in paddavoetjies) maklike stappie. Sowat 4.5km. Ten spyte daarvan het ‘n aansienlike kleiner groepie, onder die helfte van die grootspan die stap aangedurg rondom 8:00. Vandag styf ons net oor die 200meter. Deur die ‘Blouwildebeesbos’, ‘Kleinparradysklofie’. ‘n bietjie geblaas en die mooi van die woudjie ingedrik by die ‘Afsaal eetplekkie’ en verby die ‘Verdwynfontein; geloop wat nou is, en dan net wegraakonder die grond. By ‘n Ruine gaan draai, (wat n n stap sonder sy ou ruines en klipmure tog?), verby die ‘Suikerbosrand’ met sy proteas en dan verby n intresante 2-ingang/uitgang grotjie genaamd die ‘Koekeloermekaar-grot’, mens wonder ook maar watter gediertetjies loer ook vir mens uit die donker hoekies daarbinne. Dan af oor die vlakte, en weer die laaste entjie langs die rivier. Hier moet mens ‘n bietjie meer tyd spandeer en net rustig raak langs die mooi en geruis van die water. Dan is jy by die kamp en almal begin langtand te pak. Wie wil nou so n mooi plekkie verlaat en weer beton oerwoud toe. ‘n Heerlike naweek vol afwisseling en uitsigte en goeie geselsskap.



Mount Komati (2014/05) Finansies:

Inbetalings(20 Persone):	R6200
Uitbetalings:	R6235
Jacana/RoeteEienaar:	R6000
Jacana Besprekings Fooi	R 55
4 Sakke Brikette+Blitz	R 120
6 Bondels hout	R 60

Sommer net ter intrsantheid, die Waterpompstasie, opgaardam(Gemsbokhoek stuwal) en pypleidings wat ons gesien het, hier is meer inligting:



“Interbekken-Projekte was noodsaaklik om te voorsien in die waterbehoeftes van die EVKOM-kragsentrales op die steelkoolvelde van Oos-Transvaal. Die Olifants wat die gebied dreineer, was reeds grotendeels benut vir die groot besproeiingsprojek by Loskop. Die Nooitgdachtdam in die Komati rivier naby Carolina is in die jare 1957-1962 gebou vir die watervoorsiening aan die 1000 MW kragsentrale suid van Middelburg. Die statiese hoogteverskil van 250m tussen die dam en die waterskeiding is met behulp van pompe en pypleidings te bowe gekom. Later is die Vygeboomdam verder stroomaf aangebou om die 2600MW Arnot-kragsentrales te bedien. 'n Hoogteveskil van 469m moet tussen die Vygeboom en Nooitgedacht oorwin word. Nadat die behoeftes van die genoemde drie kragsentrales en die' van ander kleiner gebruikers bevredig is, het daar nog genoeg oorgebly om in die 86 persent van die 3600MW Duvha-kragsentrale se aanvraag te voorsien.

Tans (1985) word daar jaarliks 131 miljoen m3 per jaar uit die Komatibekken na die Olifantsopvanggebied oorgedra. Om dit in perspektief te stel kan vergelyk word met Pretoria se verbruik van 114 miljoen m3 per jaar. (Geskryf in 1985)”

Bron:http://www.satnt.ac.za/index.php/satnt/article/viewFile/1036/2126

“Die Gemsbokhoek-stuwal (Waar die Mount Komati Stappers verby/om gery het) is in 1973 voltooi in die Komati rivier en het 'n opgaarvermoë van 133000m3, walhoogte van 6.3m en n kruinlengte van 214meter.”

Regs: Die uitsig by Mount Komati ongeveer vanaf die ‘Komati Valey View’ af. Nou moet ons nog daal...>>>>>

Volgende Stappe:
27-29 Junie : Makweke
18-20 Julie: Kranskloof/Barrets
27-31 Julie: Walvis (vol)
9-10 Augustus: Blou Wildebees
17-23 Augustus: Kosibaai (vol)
19-21 September: Bokkraal Waterval
17-19 Oktober: Windybrow
21-23 November: Nylsvley-Hamerkopgroepskamp
6 Desember: Klub Afsluiting
12-14 Desember: Thaba Phaswa

Finansies:
Die vorige Standardbankspaarrekening is gesluit op 21 Mei 2014 en die gelde oorgedra na die nuwe Klub rekening. Die nuwe rekening in die naam van 'Nomades' is 22 April geopen by die Castle walk tak, van Standardbank.
Einde Mei was Nomades se banksaldo R24,189.84. Daar het op die stadium ook al 'n paar persone hulle finale R2810's inbetaal vir Kosibaai wat nog nie oorbetaal is aan die besprekings agent nie, wat die saldo baie hoog laat lyk.
Die nuwe inligting is op die klub se webtuiste asook op ons maandelike agendas.

Webtuiste
Besoek gerus www.Nomades.co.za vir die nuutste jaarprogram en jy kan ook deur jou rekenaar-muis 'n oomblik oor n naam te sien wie het saamgestap op n stap en soms bietjie meer inligting. Deur op 'n naam te kliek in die meeste gevalle word jy ook geneem na die roete se webtuiste, of n webtuiste waar die roete bespreek word.

Voetslaan Magalies:
- Elsabe Spies het kom vertel van haar 301Km stap deur die Karoo oor 10 dae. Suid-Afrika se eie Pelgrimstog. Slaap in gastehuise langs die pad en stap tot 30Km per dag. Daar ry darm n voertuig saam met al die bagasie en om jou op te laai as die voete bietjie seer raak. Alle etes word of voorsien of in die dorpies waardeur geloop word by intresante eet-plekkies geniet. Sien gerus ook www.ecoventures.co.za vir meer inligting.
- Swellendam staproete is tans nog gesluit. Elangeni is deur Ndaba stapklub gestap en hulle sê dit is die beste gemerkte roete wat hulle nog beleef het. Die oorlogskloof roete se tente by die kampe word nou deur hutte vervang. Daar sal ook warm storte by Brakwater en Pramkoppie wees.
- Tim Hartwright het ook fotos kom wys uit sy nuwe boek "Gauteng Hikes & Walks". Die 161 bladsye A5 sagteband groote boekie is o.a. beskikbaar by Exclusive books en bevat sowat 50 plekke om te stap in die groter Gauteng area.
- Besoek ook gerus Voetslaan Magalies se webtuiste by www.magalieshiking.co.za
- Volgende Maand (Altyd die laaste Dinsdag aand van die maand) kom Jaco Joubert gesels oor n dag in die lewe van n veldwagter.

Vriendelike Stapgroete
Marius Stander,
Nomades Voetslaanklub
www.nomades.co.za , MariusStanderPTA@gmail.com

Onder
Die 600m+ wat ons gestyg en weer gedaal het by Mount Komati stap op dag 1 se ongeveer 15Km.